

Gereformeerde Kerk Bellville – 26 Februarie 2017 – Nagmaal

Sing vooraf staande: Skrifberyming 7-2:1, 2

- 1 Die Begin en Einde, / Alfa en Omega, / hoor, dis Ek wat kom!
Hou my wet en woorde / tot jy deur die poorte / veilig binnekom.
Buite bly die bese staan, / sondaars wat voor God nie bewe. / – Jý ontvang die lewe!
- 2 Ek, die Heer van here, / Koningskind van ere, / kom in krag met mag.
Ek, die ster van sterre, / skitterblink van verre: / “Einde van die nag!”
En die Gees en bruid roep uit: / “Jesus, Here, kom in ere! / Kom tog gou, o Here!”

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die
kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 97:1, 7 (p. 484)

- 1 God heers as hoogste HEER; / die aarde moet Hom eer,
en juig, saam met die strande / van afgeleë lande.
Daar's wolkedonkerheid / rondom sy majesteit;
sy rykstroon is gestig / op oordeel en gerig / en op geregtigheid.
- 7 Gods vriend'like=aangesig / straal vrolikheid en lig
deur duisternis en smarte / vir alle=opregte harte.
Regverdige, wees bly! / En sing 'n lied daarby!
Verheug u in die HEER! / Lofsing sy Naam tot eer, / Hy's hoog en heilig, Hy!

Geloofsbelydenis: Nicea

Wet

Psalm 139:1, 12 (p. 674)

- 1 Daar 's niks voor U bedek, o HEER! / U skou uit ewige dieptes neer
en sien my hart en wandel aan: / al wat ek doen, my sit en staan,
of wat in my diep weggesink het – / U weet al wat my hart bedink het.
- 12 Deurgrond, o HEER, en ken die swart, / verborge dieptes van my hart;
of diep in my, waar U kan lees, / 'n skadelike weg mog wees.
En lei voortaan my wank'le skrede / tog op die weg van ewige vrede.

Gebed

Skrifberyming 2-2:1, 2 (Sb 34)

- 1 Die HEER is God, 'n eenge HEER; / die HEER is God, en niemand meer. / Erken dit, alle volke,
van waar die sonlig smôrens blink / tot waar dit in die purper sink / van sagdeurglansde wolke.
Die HEER is God, want Hy formeer / die dag en nag wat wend en keer / na sy verordeninge.
Hy bring die heil en onheil voort, / hul luister na sy almagswoord – / die HEER doen al die dinge.
- 2 Stuur God ons sy bevrydingswoord – / bring dan, o heemle, wolke voort, / waaruit soos reënstrale
geregtigheid van uitkoms sing / en ons die blye boodskap bring / van skoonste seëprale.
Dan sal die aarde=uit vrugb're kluit / die heil en vrede uit laat spruit – / geen onheil is daar meer nie!
Die reg sal uit die aarde breek, / want God die HEER het dit gespreek, / en niemand kan dit keer nie.

Skriflesing: Daniël 7

Kernverse: Daniël 7:13-14

Ek het gesien in die naggestigte, en kyk, met die wolke van die hemel het Een gekom soos die Seun van 'n mens, en Hy het gekom tot by die Oue van dae, en hulle het Hom nader gebring voor Hom. En aan Hom is gegee heerskappy en eer en koningskap; en al die volke en nasies en tale het Hom vereer; sy heerskappy is 'n ewige heerskappy wat nie sal vergaan nie, en sy koninkryk een wat nie vernietig sal word nie.
(Daniël 7:13-14 AFR53)

Tema: Die Seun van die mens is regtig die ewige Koning

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, net waar 'n mens kyk in die wêreld rondom ons sien ons wat Daniël in 'n visioen gesien het. Die see van volke oor die wêreld heen is in 'n nimmereindigende beroering. Daar woed oorloë en daar is gerugte van oorloë. Die een regering wil bo al die ander regerings uitstyg en sy stempel afdruk. Soms gebeur dit dat die een land dit regkry om sy stempel regoor die wêreld af te druk. Van die 1800's af het Engeland dit reggekry om op elke kontinent 'n inspraak te hê.

Toe het die twee wêreldoorloë uitgebreek. Die wilde diere in Daniël se visioen het mekaar aan die keel gegryp en die een wou die ander een dood wurg. Baie lande is swaar verwond deur hierdie oorloë. Die wêreldkaart het veranderings ondergaan. Na die wêreldoorloë het 'n tydperk van bevryding aangebreek. Die Europese lande het die een na die ander hulle kolonies aan die plaaslike inwoners in Afrika en Asië afgestaan. Die VSA en Rusland het in hierdie tyd mekaar aangegluur terwyl elkeen agter sy rug die wapen vashou waarmee hy dink hy die ander een kan uitoorlê of bykom. Vir baie lank het die wêreld op die punt van die stoel gesit in afwagting vir 'n derde wêreldoorlog.

Dit het egter nog nie gebeur nie, want intussen het muur van Berlyn geval en die groot kommunistiese beer van Moskou het verbrokkel in verskeie kleiner staatjies. Amerika het sy vingers al wyer en dieper in verskeie lande ingedruk. Gevegte is aan die gang gesit om oënskyklik van diktators ontslae te raak en die nuwe verlosser van die wêreld aan die lande in die Nabye Ooste bekend te stel – Demokrasie.

In die onlangse verlede het die lande van die sekelmaan al meer en meer hulle visier op Amerika ingestel. En die Arabiese Lente het uitgebreek waarin die mense van Noord-Afrika en die Midde-Ooste hulle jare lange leiers onttron het of hulle probeer nog steeds om van die Siriese leier ontslae te raak. Maar so hou dit aan met woel in die mensewêreld.

Selfs binne elke land is daar magstryde aan die gang. Leiers van verskeie groepe grom vir mekaar en wys soms die tande. Dikwels gebeur dit dat die tande nie net gewys word nie, maar mense klim onder mekaar in – daar word gebreek, gebrand en gemoor. En die een groep wil, as hulle dit kan regkry, van 'n ander groep geheel en al ontslae raak.

Broers, susters en kinders, dit is van hierdie goed wat ons in die geskiedenisboeke van die wêreld lees. Dit is oor hierdie beroeringe op die aarde waarvan koerante en nuusagentskappe hulle geld maak. Dit is oor hierdie gewoel onder die volke wat algaande erger word dat mense oor die algemeen benoud raak. Selfs gelowiges raak verontrus en verskrik in hulle gemoed oor hierdie wêreldgebeure. Maar dit is ook al wat die wêreld raaksien – net hierdie gewoel om heelbo uit te kom en koning te kraai oor die wêreld.

Maar dit is nie net in koerante en nuusberigte waar ons van hierdie dinge lees en hoor nie. Daniël se visioen in hierdie hoofstuk is 'n blik op die ganse wêreldgeskiedenis van waar hy in die jaar 553 vC geleef het tot op die heel laaste dag van hierdie aardse bestaan soos wat ons dit nou nog ken. Dit is egter nie al wat Daniël in hierdie visioen gesien het nie. Die Here het ook aan hom iets gewys wat net geloofsoë wat deur die Skrif verhelder is kan raaksien. Hy het trone gesien wat reggesit is. En iemand wat Daniël net kan beskryf as 'n Oue van dae het op sy troon gaan sit.

Die oorverdowende gevloek en geskel van die klein horinkie van die vierde dier weergalm nog in Daniël se ore toe die Here vir hom die trone gewys het. Die Oue van dae se klere is so wit soos sneeu en sy hare soos skoon wol. In hierdie visioen maak God Homself sigbaar vir Daniël. Hy het op 'n troon van vuur gesit en vuur het voor Hom uitgestroom. Rondom die troon het daar duisend maal duisende en tien duisend maal tien duisende gestaan wat God gedien het – heilige engele in diens van die Here. Daniël het moeite gehad om die vierde dier te beskryf, want hy was meer vreesaanjaend as enigiets wat hy al ooit gesien het. Nou is Daniël weer in die verleentheid omdat hy nie woorde het om te beskryf wat hy gesien het nie. Die absolute heiligheid en majesteit van God is vir Daniël onbeskryflik groots. Alles wat Daniël sien straal van heiligheid en geregtigheid van God.

Terwyl Daniël nog die gelaster van die klein horinkie hoor, is die dier waarop hierdie horinkie is in die vuur gegooi om vernietig te word. Hoog bo die beroering in die see van volke en hoog bo die vreesaanjaende gediertes sien Daniël die regterstoel van God. Wat aanvanklik gelyk het na die uitlewering van die skepping aan die vier wilde diere, blyk toe nie so te wees nie. Die wêreldgesiedenis gaan nie maar op sy eie aan nie. Nog minder gaan die wêreld-geskiedenis los van God of selfs sonder God aan nie. God is die begin en voleinder van die wêreldgeskiedenis. Dit is Hy wat die see van volke in beroering bring. Daniël het heel aan die begin gesien dat die vier winde van die hemel die see van volke in beroering gebring het. En hier sien Daniël ook hoe God 'n einde maak aan die vierde dier in die poel van vuur.

Hierdie gesig wat Daniël van die troon en die Oue van dae gesien het, herinner aan die gesig wat Johannes op die eiland Patmos gehad het van die troonsaal in die hemel. Hy het ook 'n troon gesien en Een wat op die troon sit. Voordat Johannes al die angswekkende dinge sien wat die duiwel en sy bosesmagte gaan vermag op die aarde, het hy eers die troon-saal van die hemel gesien. Ondanks al die gewoel op aarde is dit voor die troon van God kalmte en rustigheid. Niks bring die hemel in beroering nie, want God regeer volmaak daar en die heilige engele is volmaak gehoorsaam aan die Here.

Die veroordeling van die vierde dier waarvan Daniël in vers 11 vertel, is die eerste van drie sulke vertellings. Wanneer die engel die betekenis van die vierde dier en sy tien horings gee en vertel van die elfde horing wat oorlog gaan voer teen die heiliges van God, sê die engel ook dat God uitspraak lewer. Hierdie uitspraak is ten gunste van die heiliges van God, want die dier gaan veroordeel word (Dan 7:22). En vir 'n derde keer in vers 26 word gesê dat die laaste koning se heerskappy van hom weggevat sal word en hy vernietig sal word.

Die veroordeling van die Antichris van wie ons verlede week gehoor het en die veroordeling van die wêreldse magte wat hulleself teen God en sy kerk verhef, sal beslis gebeur. Drie maal sê die Heilige Gees dat die oordeel gaan plaasvind.

Daniël het nie die ganse wêreldgeskiedenis in elke fyn besonderheid gesien nie. Die Here het net flitse van die ganse geskiedenis gewys. Maar daar is een moment in hierdie

visioen van Daniël wat ons aandag in besonder trek. Dit is die oomblik toe Daniël die verskyning van die Een soos die Seun van die mens gesien het. Hy het met die wolke van die hemel gekom en Hy is gebring tot by die Oue van dae. Al wat Daniël van die Een soos die Seun van die mens weet, is dat hy sien hoe die heerskappy en eer en koningskap aan Hom gegee word. Verder sien hy dat al die volke, tale en nasies die Een soos die Seun van mens vereer en dat Hy heerskappy voer in 'n koninkryk wat nooit vernietig sal word nie. Afgesien van dit wat Daniël van hierdie Een soos die Seun van die mens gesien het, het hierdie figuur vir Daniël nog eers 'n geheimenis gebly.

Vir ons wat nou leef en die hele geopenbaarde Woord van die Here het, is die Een soos die Seun van die mens nie meer 'n geheimenis nie. Jesus Christus het self kom bekendmaak wie hierdie Een is. Oor die algemeen het Jesus van Homself gepraat as die Seun van die mens. En wanneer Jesus aan sy dissipels vertel van sy wederkoms dan sê Hy vir hulle:

En dan sal die teken van die Seun van die mens in die hemel verskyn, en dan sal al die stamme van die aarde rou bedryf en die Seun van die mens sien kom op die wolke van die hemel met groot krag en heerlikheid. En Hy sal sy engele uitstuur met harde trompetgeluid, en hulle sal sy uitverkorenes versamel uit die vier windstreke, van die een einde van die hemele af tot die ander einde daarvan. (Matteus 24:30-31 AFR53).

Daniël het die voorreg gehad om iets van die wederkoms van Jesus Christus te sien, alhoewel hy dit toe nog nie eers geweet het nie. Daniël het gesien dat die heerskappy en eer en die koningskap vir ewig aan die Seun van die mens gegee word. Hy is die ewige Koning en aan sy heerskappy sal daar geen einde wees nie. Daniël sien hier vanuit 'n ander hoek die klip wat uit 'n rots losgebreek het en die beeld in Nebukadnesar se droom getref het en toe die hele aarde gevul het (Dan 2). Die flits wat Daniël in hierdie visioen gekry het is die Seun van die mens wat heerskappy voer oor die hele aarde – alle volke, tale en nasies vereer die Seun van die mens.

Wanneer ons vanuit waar ons vandag in die geskiedenis terugkyk na hierdie flits wat Daniël van die Seun van die mens gehad het, weet ons dat daar twee ander groot momente is wat Daniël nog nie gesien het nie. Die een moment is wat vanoggend ook hier in die tekens van die brood en wyn vir ons afgebeeld word – die kruisiging van die Seun van die mens. En die ander moment is toe God sy Seun uit die dood opgewek het.

Met hierdie twee momente bevestig die Heilige Gees aan ons dat die Drie-enige God nie net by die begin en die einde van die wêreldgeskiedenis betrokke is nie. Hy is voluit elke oomblik in elke deel van die geskiedenis betrokke. En die Here se betrokkenheid by die geskiedenis is geensins net op 'n afstand nie. Die Seun van God het Homself midde-in die gewoel en geweld van hierdie wêreldmagte kom stel.

Daardie ystertande en koperkloue van die vierde dier wat Daniël gesien het, het die Seun van die mens aan sy eie lyf gevoel. Die dorings wat die mens se werk van die sondeval af op aarde verswaar het, het rondom Jesus se hoof sy vel geskeur. Die mens in sy dierlikheid het 'n doringkroon op die Seun van die mens se kop gedruk. Met spykers het hulle Hom vasgespyker aan 'n houtkruis om daarmee hulle algehele veragting van Jesus uit te druk. Toe die Romeinse soldaat Jesus ge gesel het, het hy dit nie gedoen asof hy nie regtig hard wil slaan nie. Met mening het hy Jesus se rug stukkend geslaan. Met 'n spies het 'n soldaat Jesus in die sy gesteek om te sien of Hy regtig dood was.

Dit was egter nie net mense – die Joodse leiers en volk – wat Jesus met veragting behandel het nie. Dit was ook nie net ruwe soldate wat Hom gespot en gespoeg het nie. Dit was ook nie net 'n Romeinse goewerneur wat ter wille van mense se aansien die Seun van die mens uiteindelik onregverdig veroordeel het nie. Agter en bokant die regterstoel van 'n onregverdige Pontius Pilatus staan die regterstoel van die alhoë God wat die sonde van die mensdom absoluut regverdig aan sy Seun veroordeel en straf. Die regverdige straf op die sonde is die ewige dood. Daarom het die Vader sy Seun vir drie ure in die duisternis verlaat.

Na drie dae het God sy Seun uit die dood opgewek, want die Seun van die mens het volmaak die wil van sy Vader volbring. Hy het die straf op die sonde volledig gedra vir hulle wat die Vader aan Hom gegee het. Daarom het God aan Jesus alle mag in die hemel en op die aarde gegee. Deur Jesus wat nou aan die regterhand van die Vader in die hemel is, regeer God elke ding in hierdie skepping. Hy regeer ook die opkoms van die Antichris wat uiteindelik die ganse wêreld gaan saamspan teen die heiliges van die Allerhoogste – die kerk van Jesus Christus.

Alles is nou reeds aan Jesus Christus onderwerp, alhoewel ons dit nog nie kan sien nie. Dit lyk asof elke goddelose maar net doen wat hy wil. Maar elkeen van die goddeloses, en uiteindelik die Antichris, kan net doen wat God deur Jesus Christus hulle toelaat. Wanneer die oorlog van die Antichris teen die heiliges uitbreek en hulle 'n verdrukking beleef soos wat daar nog nooit op aarde was nie, gebeur dit net omdat die gelowiges aan die duiwelse magte oorgegee is deur God. Wanneer dit dan gebeur en wanneer die kinders van God nou al die verdrukking aan hulle lyf voel, kan hulle deur die krag van Christus die verdrukking dra. Hulle weet immers dat die Seun van die mens regtig die ewige Koning is. Mag die Heilige Gees dan elke kind van God die krag skenk om standvastig in die geloof te volhard in gehoorsaamheid.

Die oorwinnings wat die Antichris en die wêreld oor die heiliges gaan behaal, is slegs 'n oorwinning op aarde en dit is tydelik. Die dood waarmee die heiliges hier getref word, sal hulle nie van God kan skei nie. Ter wille van sy Seun sal die Vader sy kinders nooit verlaat nie. Inteendeel, deur die dood neem Hy hulle dan uit die kloue van die Antichris na Homself toe waar hulle in die ewige heerlikheid van Christus mag vertoef.

Beleef jy, kind van God, tans 'n aanslag teen jou geloof van 'n mens of van die duiwel self? Aan hierdie tafel verseker die Heilige Gees en Jesus Christus jou dat Hy presies weet wat dit beteken om gehaat en gespot te word. Hy het dit alles deurgemaak om uiteindelik die koningskap en eer uit sy Vader se hand te ontvang. Hy is jou Koning vir ewig.

Amen!

Gebed

Skrifberyming 5-3:1, 2 (Sb 8)

- 1 Aan U, o Lam van God, 'n nuwe lofgesang! / Want U is waardig om die wonderboek te ontvang en oop te breek – die boek van toekoms en verlede / en van wat word, geskrif van Gods verborgenhede.
U's waardig, U alleen, omdat die werk volbrag is, / toe U as offer vir ons sondeskuld geslag is.
- 2 U 't van die hemel hoog op aarde neer wou daal, / en ons vir God gekoop uit alle volk en taal.
Die losprys was u bloed, wat U vir ons gestort het, / waardeur ons, rein gewas, 'n priestervolk geword het
en konings in die ryk van onverstoorb're vrede, / om God te dien en eer in eind'lose ewighede.

Formulier vir die viering van die heilige nagmaal

Skrifberyming 5-3:4, 5 (Sb 8)

- 4 Die sondelose Lam, vir sondeskuld geslag, / is waardig om te ontvang die rykdom, wysheid, krag, en eer en heerlijkheid en dankb're seëninge! / En al wat leef en roer, al die geskape dinge op aarde en diep omlaag, of in die hoë hemel, / al wat die see bewoon en in sy dieptes wemel –
- 5 die ganse skepping sing met krag van jubeltoon: / “Aan Hom wat heerlijk is, hoog op die wêreldtroon, en aan die Lam van God, self eewige Skeppings-Here, / sy ewig lof en prys en krag en roem en ere!” Met “Amen, Amen!” het die gérubs opgesewe. / Die oudstes het aanbid voor Hom wat ewig lewe.

Aan tafel: Psalm 116 (p. 569)

Met die terugbeweeg: Psalm 118 (p. 575)

Skrifberyming 7-1:1, 3 (Sb 31)

- 1 Toe sien ek teen die bloue vert' / 'n ruiter op sy haelwit perd; / en 't was om Hom stormagtig, want Hy, die ruiter, voer sy stryd / en oordeel in geregtigheid; / sy Naam is: Trou, Waaragtig. Sy oog is soos 'n vlam van vuur, / sy krone skitter in die uur / van langverwagte oorwinning. Sy Naam, diep met sy wese een, / deurgrond geen mens, net Hy alleen / in held're selfbesinning.
- 3 Hy sal nou met 'n ysterstaf / sy vonnis oor hul, streng en straf, / met oordeelsdaad bekragtig. Hy trap die parskuip met sy voet, / en bring oor hul in volle gloed / die toorn van God almagtig. En op sy kleed met bloed geverf, / en op sy heup wat heil verwerf, / staan daar 'n Naam der ere: dié oorlog het die pleit beslis / dat Hy die “Hoogste Koning” is, / die “Heer van alle here”!

Die HERE sal jou seën en jou behoed;

Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;

Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Ds Coen Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
26 Februarie 2017